PROFETIES OF PATETIES?

Mark Hodgetts

Die Ou Testamentiese profeet was God se kanaal van kommunikasie met mense.

1 Samuel 9:9 [DB]

Vroeër het ’n mens in Israel, **wanneer jy by God raad wou vra**, gesê: “Kom ons gaan na die **siener** toe,” want **vroeër is <u>profete</u> sieners genoem.**

In die Nuwe Testament het Jesus vyf bedieningsgawes aan die Kerk gegee.

Efesiërs 4:11 12 [AFR83]

...Dít is die gawes wat Hy gegee het: **apostels**, **profete**, **evangeliste**, **en herders en leraars**. Sy doel daarmee was **om die gelowiges toe te rus** vir hulle diens en vir die **opbou van die liggaam van Christus.**

Die Ou Testamentiese profeet was God se “spreekbuis”.

Hebreërs 1:1 2 [AFR20]

In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders **gepraat deur die profete**, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons **gepraat deur sy Seun…**

In die Nuwe Testamentiese era is Jesus die Woord van God.

Johannes 1:1,14 [AFR83]

In die begin was **die Woord** daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. **Die Woord het mens geword** en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Romeine 8:14 [AFR20]

Almal wat **deur die Gees van God gelei word**, hulle is kinders van God.

Ware Ou Testament profesie het die Gees-geïnspireerde, onfeilbare Skrif voortgebring.

2 Petrus 1:19 21 [DB]

Hierdie gebeure daar op die berg het **elke woord wat die profete in die Bybel sê** nog sterker vir ons bevestig. Hierdie boodskap is soos ’n lig wat in die donker skyn. Julle moet ook aan **hulle woorde** vashou... Onthou, **dit wat die profete in die Bybel sê**, het hulle nie self uitgedink nie, want geen **ware profesie** kom ooit van mense af nie. Nee, die Heilige Gees het presies vir hulle gewys wat hulle oor God moes sê. Hy het hulle aangevuur om oor Hom te praat

In die Nuwe Testament moet profesie beoordeel word.

1 Korinthiërs 13:9 [AFR83]

...Ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar **gedeeltelik**.

1 Thessalonisense 5:20 22 [AFR83]

Moenie profesieë geringskat nie, maar **toets dit alles**, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is.

1 Korinthiërs 14:29 [NLV]

Wat die profete betref, laat twee of drie aan die woord kom en die ander dan **beoordeel wat gesê is**.

Kriteria waarvolgens profesie beoordeel moet word

Ooreenstemming:

2 Timotheüs 3:16 [AFR83]

Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die **waarheid** te onderrig, **dwaling** te bestry, **verkeerdhede** reg te stel en ’n **regte** lewenswyse te kweek.

Bevestiging:

Handelinge 19:21; 20:22-23; 21:11-15

Opbouing:

1 Korinthiërs 14:3 [AFR83]

Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat **woorde wat geestelik opbou...**

Bemoediging:

1 Korinthiërs 14:3,31 [AFR53]

…Hy wat profeteer, spreek tot die mense woorde van stigting en troos en **bemoediging**.

…Julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal **bemoedig** word.

Vertroosting:

1 Korinthiërs 14:3 [AFR20]

Die een wat profeteer, praat... met mense om hulle op te bou, te bemoedig en te **vertroos**.

Onderwysing:

1 Korinthiërs 14:31 [AFR20]

...Julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal **onderrig** en bemoedig kan word.

Verheffing:

Openbaring 19:10 [NLV]

Die engel het toe vir my gesê… “Die woorde wat van God af kom, is betroubaar.” 10Toe het ek voor sy voete neergeval om hom te aanbid. Hy sê egter vir my: “Oppas, moenie! Ek is net jou mededienskneg, en van al jou medegelowiges wat getuienis van hulle geloof in Jesus gelewer het. Buig neer in aanbidding voor God! **Die kern van die profesie is inderdaad om van Jesus te getuig.”**

Die Ou Testamentiese profete het in ’n era van Wet gekenmerk deur oordeel opgetree.

Eksodus 20:1 17

Nuwe Testamentiese profete leef in die “genadejaar” van God.

Lukas 4:18 19

Handelinge 15:32 [AFR83]

Judas en Silas, wat self ook profete was, het lank met die gelowiges gepraat en hulle **bemoedig** en **geestelik versterk**.

In die Ou Testament het profesie ’n groot element van voorspelling gehad.

In die Nuwe Testament gaan profesie meer oor die openbaring van God se wil.

PROFETIES OF PATETIES?

Mark Hodgetts